
Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

Kw. 2 NUUSBRIEF 2
16 Mei 2025

# Tjokkiebrief





## Kleuter Gholfbaan-uitstappie

Die kleuters sien opgewonde uit na ons uitstappie na die Schoemanpark Gholfbaan, waar hulle op die baan gaan stap, die natuur gaan verken op die gholfkarretjies gaan ry en 'n heerlike ete gaan geniet.

**Baie belangrik:** Al die kleuters móét asseblief voor skool by die huis óók iets eet om lekker te kan stap voordat hul verversings kry.

**Datum** : Maandag 19 Mei

**Tyd** : Vertrek net na 8:00

**Drag** : Tjokkiedrag en tekkies, veters dubbelknope asseblief

**Vervoer** : Big Sky busse

**Koste** : Die skool subsidieer die vervoer asook die kossies en koeldrank.




Onthou die kleuters stap hulself gou warm en wil uittrek, dik baadjies bly by die skool.

## Naaste-aan-die-pen

**Wanneer** : Dinsdag, Woensdag en Donderdag, 20, 21 en 22 Mei

**Waar** : Op die plastiekgras voor die Groenklas


**Koste** : R10 vir 3 houe (Ouer of grootouer slaan twee houe en kleuter een)
Die kleuters het baie ander geleentheid deur die dag om ook te speel.

- **Vir elke R10 is daar een gelukkige trekking uit die sakkie**
- **Uit elke klas sal daar 'n "naaste-aan-die-pen" volwasse wenner wees.**



**Bring kontant, kom speel saam en deel in die pret!!**

# Kleuter-borgspeletjie


GHOLFDAG: Kleuter-borgspeletjie

Nr: ________ Naam van Kleuter: ______________________

Let wel:

- Hierdie is 'n offisiële fondsinsamelingsprojek van Tjokkies Preprimêre Skool, waar putjies teen R10 elk geborg word.
- Die totale bedrag wat deur u ingesamel word, moet asseblief deur middel van karri betaal word tussen Maandag, 17 Maart en Vrydag, 9 Mei 2025. U sal die nodige opsies kan uitoefen.
- Alle vorms moet egter veilig bewaar en TERUGBESORG word aan die skool, selfs al is dit nie voltooi nie.
- R 200 sal gehef word indien 'n vorm verlore raak of nie terugbesorg word nie.
- Gelukkige trekkings vind na afloop van die borg-tydperk plaas.
- Elke kleuter ontvang 'n dankie-sê verrassing vir elke vorm wat ingehandig word.

*BAIE DANKIE VIR U ONDERSTEUNING!*

Die putjies kan deur die kleuter ingekleur word soos wat dit geborg word. Ekstra vorms is ook beskikbaar.

Álle vorms moet teruggestuur word, selfs al is dit leeg. Die uitstaande vorms moet asseblief teen Maandag by die skool terugbesorg wees. Baie dankie vir alle vorms en gelde wat ons reeds ontvang het. Ons waardeer die gesindheid en lojaliteit waarmee u hierdie projek ondersteun!

Vir 'n vorm wat weg is moet u vir ons 'n skriftelike verklaring gee en die bedrag van R200 EFT met u kleuter se "*naam + Borgspeletjie*".

## Skenkings en pryse

Help ons asseblief en bring alles sovêr moontlik Dinsdag op die laaste in.

## Gholfkomitee

Komiteelede kom Donderdag, 22 Mei, om 17:15 by die skool bymekaar om die "goodiebags" te pak. Dankie vir alle items wat ons hiervoor ontvang het.

## Gholfdag, Vrydag 23 Mei

Op hierdie dag is al die oggendpersoneel by die Gholfbaan betrokke.

Die middag-personeel sal vanaf die oggend aan diens wees tot 17h00, met hulp van twee proefstudente. Daar sal geen normale program of bederfdag wees nie, slegs toesig. Kleuters wat op hierdie dag kán tuisbly, mag tuis gehou word.

Baie dankie vir u begrip.

Hou vir ons duim vas dat die dag 'n groot sukses vir Tjokkies sal wees!

## Kaskarre:

**Die skool het nog 'n kaskar te koop waarvan ons die wins by die gholfdag wil voeg. Indien u belangstel kontak asseblief dadelik vir Sanet by die kantoor.**



# Touspring en veters vasmaak: Gr R

**Hierdie twee baie belangrike vaardighede moet by Gr R–kleuters vasgelê word.**

**Help asseblief tuis daarmee.**



## SKOOLFOTO'S

Die individuele skoolfoto's sal binnekort beskikbaar wees. Ekstra bestellings sal direk by die fotograaf geplaas kan word.

*Klasfoto's word in die derde kwartaal geneem.*



## Naamskryf-week



Ons kleuters het hul eie name op allerhande verskillende maniere korrek leer skryf en vaslê.

Dit was groot pret.







# Tema



**Ons is tans besig met 'n "Huis" tema. Dit sluit in huisbou, vertrekke in 'n huis en verskillende soorte huise. As u die geleentheid kry, brei u kleuter se algemene kennis en woordeskat met betrekking tot die tema uit. Gesels ook oor dankbaarheid om 'n huis te hê, hou huisvergadering en gee vir elkeen geskikte pligte in die huis.**



**Bemagtig ook u kind en leer vir hom/haar u woonadres!**

# TENTE-EN WORSBRAAI DAG



Op Vrydag 6 Junie, hou ons "Tentedag" by die skool om die huis-tema mee af te sluit.

Vrydagoggend mag u 'n tentjie vir u kleuter op die terrein kom opslaan. Moenie nuwe tente hiervoor aanskaf nie, kleuters speel saam-saam in die tente en elkeen hoef ***nie sy eie tent te hê nie.*** Piekniek-kombersies en klein kampstoeltjies is welkom, geen speelgoed.

Kleuters kan ook 'n klein piekniekmandjie met eie lekkertjies, chippies en koekies bring, nie 'n nomale oggendkosblik nie.

Die oggendkosblik word vervang met 'n boereworsbroodjie vir Bederfdag.

***Ons benodig 3 tot 4 pappa's wat gou die wors kan kom help braai. Indien u kan kom help, laat weet asseblief u kleuter se klasjuffrou.***

## Kosblik-reëls



Vir konsekwentheid móét ons kosblik-reëls toepas en vra ons u hulp in die verband. Asseblief geen lekkers, chippies of soet koekies in kosblikke nie. Gesonde stafies en muffins is toelaatbaar.

Dankie vir u begrip.